# Boer Goat Breeders' Society of Namibia

PO Box 28134
WINDHOEK
NAMIBIA
Tel/Fax: (061) 252994

---

## VEILINGSREËLS

*(Goedgekeur deur AJV 30/09/08)*

**1. AANSOEKE**

1.1 Vóór die algemene jaarvergadering (AJV) van elke jaar moet aansoeke vir privaat- en produksieveilings vir die volgende jaar by die BTGN kantoor ingedien word. Die keerdatum vir aansoeke is 15 September van elke jaar.

1.2 Veilingsdatums word dan deur die AJV gekoördineer en goedgekeur.

1.3 Klub-/nasionale veilings het keerdatums (twee maande voor die datum van die veiling) en moet vroegtydig ingedien word tesame met inskrywingsgelde, en word vanuit die BTGN kantoor hanteer.

1.4 Dit word verkies dat daar nie meer as een veiling per week gehou word nie. 'n Uitsondering kan egter gemaak word ingeval van twee veilings wat onderskeidelik in die verre Noorde of verre Suide van die land gehou word.

1.5 5 ramme en 10 ooie mag per klub-/nasionale veiling ingeskryf word. Hierdie beperking is nie van toepassing op privaat/produksieveilings nie. Windhoek Skouveiling mag ander getalle wees, soos bepaal en besluit deur die Kleinveekomitee.

1.6 Geen veilingsdatums mag ná AJV goedkeuring verskuif of verander word nie.

**2. KEURDERS**

2.1 Junior en senior keurders word sover moontlik saam gebruik om opleiding en ondervinding van keurders te verseker.

2.2 Tydens privaat-/produksieveilingskeurings kan slegs van een keurder gebruik gemaak word soos goedgekeur deur die AJV, indien verkies.

2.3 Indien meer as twee telers 'n gesamentlike veiling aanbied moet meer as een keurder gebruik word.

2.4 Keurders word deur die Genootskap vir klub- /nasionale veilings aangewys. Privaat en produksieveilings se keurders word deur die teler in samewerking met die agentskap aangewys. Genoemde keurder moet aan die BTGN kantoor deurgestuur word.

2.5 Keurders moet oor die breë spektrum van die paneel benoem word en nie altyd dieselfde keurders nie.

2.6 Drie koördineerders (senior keurders) moet jaarliks deur die BTGN-bestuur aangestel word om alle keurings gedurende die jaar te koördineer en probleme uit te stryk binne hul streke.

2.7 Keurders en die BTGN kantoor moet ten minste een maand voor die veiling deur agente en telers verwittig word van 'n spesifieke veiling.

2.8 Geen keurder wat werksaam is by 'n agentskap mag keur vir 'n veiling wat deur sy agentskap aangebied word nie.

2.9 Dieselfde keurder mag nie twee maal agtermekaar by dieselfde teler keur nie. By genootskapveilings mag een van die twee nie twee maal opeenvolgend by dieselfde veiling keur nie.

2.10 Keurders mag nie sy eie of direkte familie se diere keur nie. Indien so 'n situasie opduik, moet 'n afloskeurder instaan.

2.11 Die enigste maatstaf van keuring moet die aanvaarde rasstandaarde wees. Daar sal streng gekyk word na die standaard van diere wat op klubveilings aangebied word. Die inspekteurs voel dat diere sonder foute, maar nie veilingswaardig op die dag van die veiling nie, nie toegelaat sal word nie. Klubveilings is die vertoonvenster van die telers en die genootskap.

2.12 Keuring van diere mag slegs in die ring plaasvind en nie agterna in die krale of daarvoor nie.

2.13 Alle keurders moet die nuwe keuringsboek hê terwyl die ou boek gebruik word as eisvorm vir die keurder.

2.14 Keurders moet toesien dat alle diere wat gekeur word ‘n identiteitsnommer op die oor het. Telersplate op die linkeroor en genootskapsplate op die regteroor.

2.15 Inhandiging van keuringsafskrifte by die NSV en Genootskap moet binne een maand na keuring geskied.

2.16 Die aangestelde koördineerder moet ook gedurende die jaar ‘n aantal veilings bywoon om die genootskap op hoogte te bring rakende die standaard en aanbieding van diere op veilings.

2.17 Keurders moet gedurende plaaskeurings goed kommunikeer met telers oor die aanbieding van diere en dan die nodige positiewe aanbevelings maak.

**3 AGENTSKAPPE**

3.1 Keuring vir privaat-/produksieveilings kan vooraf op die plaas gedoen word indien daar slegs een verkoper is, maar nie meer as 7 dae voor die veiling nie.

3.2 Klub-, nasionale en gesamentlike veilings se keurings moet vir 15:00 die vorige dag geskeduleer word. Die hoeveelheid diere ingeskryf kan egter die tyd beïnvloed. Telers en voornemende kopers woon graag die keurings by en daarom moet hulle seker wees van die tyd.

3.3 Geen lid van 'n agentskap mag as keurder optree vir sy eie werkgewer se veiling nie.

3.4 Agentskappe moet alle diere se ID-nommers (nie keurnommers nie) op die katalogus vertoon. Dit is die verkoper se verantwoordelikheid om die ID-nommers aan die agentskap te verskaf.

3.5 Na afloop van die veiling moet die verkoopsrol (veilingsrol) die ID-nommers van die bokke reflekteer en binne twee weke aan die BTGN kantoor voorsien word om te verseker dat die NSV registrasiesertifikate aan die nuwe eienaars kan uitreik. Dit sal die proses vir die nuwe eienaars vergemaklik en bespoedig.

3.6 Indien ‘n vetveeveiling volg direk na ‘n genootskapveiling van ramme en ooie moet die ramme en ooie in ten minste groepe van drie (3) elk op die vetveeveiling aangebied word.

## 4. TELERS

4.1 Telers moet toesien dat alle bogenoemde reëls nagekom word wanneer hulle aan veilings deelneem en dat hulle diere behoorlik voorberei is.

4.2 Alle diere op veiling moet duidelik geïdentifiseer word met ID-nommers en FAN meat plate.

4.3 Diere wat nie voldoen aan keuringstandaarde nie sal 'n rooi streep ontvang en sal nie weer dieselfde dag gekeur mag word nie (soos bv. om eers gou kloue te gaan regknip nie) en ook nie op die veiling aangebied word nie.

4.4 Veilingskeurplate is rooi (elite), blou (stoet) en groen (kudde). Die BTGN geel plaat kan ook ingesit word vir gekeurde diere vir latere registrasie by die NSV deur nuwe kopers.

4.5 Verkopers moet sorg dat alle registrasiesertifikate van diere wat deur die NSV aangestuur word, betyds en behoorlik geteken word vir oorhandiging aan die nuwe koper.

4.6 Die teler is verantwoordelik om sy registrasiesertifikate se regulering te doen sou die NSV dit nie doen nie. Dit is tot telers se voordeel om hulself op die hoogte te hou van die snelle ontwikkeling van die bokbedryf.

4.7 Alle telers moet keuringsboeke hê vir veilings en plaaskeurings.

4.8 Telers moet toesien dat die nodige informasie reeds voor die keuring in die keuringsboek ingevul is sodat die keurder slegs die keuringsinligting tydens die keuring kan voltooi.

4.9 Alle diere op veilings van stoettelers moet by die NSV geregistreer wees.

## 5. GERIEWE

5.1 Behoorlike veilingsgeriewe is die uitsluitlike verantwoordelikheid van die betrokke agentskap en die teler. Onderlinge samewerking is dus van kardinale belang.

5.2 Agentskappe moet sorg vir voldoende verversings gedurende die veiling en daarna. In hierdie verband kan reëlings getref word met verdienstelike organisasies vir fondsinsameling.

5.3 Beskerming moet voorsien word vir uitsonderlike warm of koue weer vir kopers en diere.

## 6. VERKOOPSWAARBORG (OMSENDBRIEF 1/2006)

Veilingsagente is versoek dat die volgende verkoopswaarborg by hul veilingsvoorwaardes ingevoeg word vir veilings wat onder beskerming van die Boerboktelersgenootskap van Namibië aangebied word:

1. Onvrugbaarheid van ramme moet binne 14 dae na verkoop met 'n vrugbaarheidstoets deur veearts gesertifiseer word.
2. Indien ram binne een maand na verkoop vrek, moet 'n laboratoriumtoets gedoen word om oorsaak van dood vas te stel.
3. Verkoper verskaf inentingswaarborg soos aangedui op katalogus.
4. Gekeurde diere voldoen aan rasstandaarde soos deur genootskap voorgeskryf op dag van veiling."

Verkopers word dus hiermee ingelig dat te alle tye aan bogenoemde waarborg voldoen moet word wanneer diere op amptelike veilings aangebied word.